

#23

# Prentjie-mooi!

MEDIUM

**PROJEKGIDS**
**Harde werk** 4/10
**Vaardigheidsvlak** 4/10
**Tyd nodig** 2 uur

Oordragprente is 'n puik plan wanneer jy 'n saai meubelstuk trefkrag wil gee.

*Deur* **Joe Strydom**
*Foto's* **Elza Cooper** en **Joe Strydom**
*Stilering* **Amanda van Wyngaardt**

Mat van Mr Price Home; bykomstighede van Trouvé






## Wat jy nodig het

**INKOPIELYS**
- Annie Sloan Chalk Paint in Old Ochre
- Annie Sloan Chalk Paint in Duck Egg Blue
- wateroordragprent
- podge-lym
- Annie Sloan Clear Wax
- Annie Sloan Dark Wax

**GEREEDSKAP**
- groot en klein verfkwas
- spuitbottel
- plat bak
- lap vir opvryf

## Só maak jy ...





**1** Verf jou meubelstuk met die Old Ochre. Gebruik water uit 'n spuitbottel om die verf nat te hou en jou verfwerk te vergemaklik. **2** Voeg aksente in Duck Egg Blue by met 'n klein kwassie.

**3** Posisioneer jou oordragprent waar jy dit wil plak. Vou die papier oor die reliëf waar jy die rande wil hê en skeur die oortollige papier by die voumerk af.




**4** Giet water in die bak en sit die oordragprent daarin met die illustrasie na onder aangesien die papier soms opkrul. **5** Terwyl die oordragprent week kan jy 'n laag podge-lym aanwend op die oppervlak waar jy die prent wil aanbring.

**6** Wag totdat die film van die papier begin loskom (dit gebeur binne sowat drie minute), trek die film versigtig af en plaas dit op die beoogde oppervlak.




**7** Laat die oordragprent droog word. Voeg dan nog Old Ochre en water by totdat dit mooi met die Duck Egg Blue saamsmelt oral waar jy laasgenoemde kleur gebruik het.

**8** Verseël die hele meubelstuk met Clear Wax. Verf Dark Wax met 'n kwassie in die groefies (ook op die sye) en vryf dit met 'n lap aan tot natuurlik ingeskakeer.

**KONTAK EN VERSKAFFER Mr Price Home** 0800 212 535, mrphome.com
**Joe Strydom (Trouvé)** 081 547 3652, facebook.com/trouveza